Uitlewering: Só kom Gupta-broers weg
Bl. 2



Blikkies van ‘Trompie’ sterf
Bl. 3

Kleiner, maar goeie oeste op die lande
Bl. 5



Volksblad
NETWERK24
NUUS MET MENING
Gestig in 1904



**Dinsdag** 11 April 2023

THABO BESTER GEVANG

# Vriendin se pa ook aangekeer

**Marietie Louw-Carstens**

Die pa van die dokter wat na bewering medepligtig was in die ontsnapping van die veroordeelde reeksverkragter en moordenaar Thabo Bester is agter tralies en sal vandag in die landdroshof in Bloemfontein verskyn.

Bester se vriendin, dr. Nandipha Magudumana (34), se pa, Zolile Cornelius Sekeleni (65), is Vrydag deur die polisie in Port Edward in KwaZulu-Natal in hegtenis geneem.

Nog ’n man (39), ’n voormalige werknemer van die G4S-veiligheidsmaatskappy wat die Mangaung-gevangenis buite Bloemfontein bestuur het, is Saterdag by sy huis in Bloemfontein in hegtenis geneem.

Brig. Athlenda Mathe, polisiewoordvoerder, sê die twee mans sal vandag onder meer op aanklagte van medepligtigheid en dwarsboming van die gereg in die landdroshof in Bloemfontein verskyn.

*Rapport* het berig Bester (44) en Magudumana het hulself as ’n Moslem-paartjie voorgedoen toe hulle Vrydagaand in Tanzanië in hegtenis geneem is. Hulle is sowat 10 km voor die grens na Kenia aangekeer. ’n Mosambieker wat hulle glo in hul vlugtog gehelp het, is ook in hegtenis geneem.

Afgevaardigdes van die Suid-Afrikaanse regering en die polisie, onder wie lt.genl. Tebello Mosikili, adjunkpolisiekommissaris, het gister in Arusha, Tanzanië, aangekom.

Die SAUK berig Bester, Magudumana en die Mosambieker is gister vanaf die polisieselle in Arusha na ’n gevangenis in die stad verskuif, waar samesprekings tussen die afgevaardigdes van Suid-Afrika en Tanzanië oor hul deportasie of uitlewering gehou sal word.

Ronald Lamola, minister van justisie en korrektiewe dienste, en Bheki Cele, minister van polisie, het Saterdag gesê Bester is voortvlugtig en ’n veroordeelde misdadiger van Suid-Afrika en sal gedeporteer word. Dit is nog onduidelik of Magudumana ook gedeporteer gaan word of aan ’n uitleweringsproses onderwerp gaan word.

Gary Eisenberg, ’n prokureur wat spesialiseer in immigrasie, het aan eNCA gesê die deportasie van Bester “behoort nie lank te neem” as die polisie van Suid-Afrika en Tanzanië suksesvol vergader nie.

Eisenberg sê indien ’n uitleweringsproses eerder as deportasie vir Magudumana gevolg word, sal dit langer neem, “want dis ’n formele proses wat tyd neem”.



**Die veroordeelde reeksverkragter en moordenaar Thabo Bester (44) nadat hy Vrydag in Tanzanië in hegtenis geneem is.**

Genl. Fannie Masemola, nasionale polisiekommissaris, het ’n beroep op die publiek gedoen “om geduldig te wees” terwyl die ondersoek na Bester se ontsnapping ontvou. Daar is nog geen aanduiding wanneer Bester en Magudumana na Suid-Afrika gebring sal word nie.

Cele sê Bester en Magudumana was glo in besit van verskeie vervalste paspoorte. Dis nog ’n raaisel presies hoe, waar en wanneer die berugte paartjie die land verlaat het.

Die SAUK berig Bester en Magudumana het vermoedelik deur Mosambiek na Tanzanië gevlug.

Dr. Mike Masiapato, voorsitter van die nuutgestigte Grensbestuursowerheid van Suid-Afrika, het gister met amptenare by die Beitbrug-grenspos na Zimbabwe vergader om te probeer vasstel of Bester en Magudumana dalk met vervalste paspoorte hier die land verlaat het.

Bester is in 2012 tot lewenslange straf gevonnis weens verkragting en moord. Hy was bekend as die Facebook-verkragter omdat hy sy slagoffers op Facebook gelok het met beloftes van internasionale modelkontrakte.

Hy het in Mei verlede jaar uit die Mangaung-tronk ontsnap deur sy eie dood te vervals.

Magudumana, uitvoerende hoof van Optimum Medical Solutions in Sandton, Johannesburg, het Bester glo help ontsnap.

In ’n onlangse onderhoud vir ’n podsending het Magudumana vertel dat sy as sesjarige reeds aan haar pa gesê het sy wil ’n dokter word. Sy was ’n leerling aan ’n hoërskool in Port Shepstone en het in ’n apteek gewerk “om kennis van medisyne op te doen”. Sy het medies aan die Universiteit van die Witwatersrand gestudeer en in mediese estetika gespesialiseer.

■ Gevalle waar vroue verhoudings met veroordeelde misdadigers aanknoop, is nie buitengewoon nie, sê prof. Christiaan Bezuidenhout, kriminoloog aan die Universiteit van Pretoria. “Ek praat in die algemeen en glad nie oor die verhouding tussen Magudumana en Bester nie.”

Hy sê wanneer vroue verhoudings met mans agter tralies het, word daar daarna verwys as hubristofilie oftewel die sogenaamde *Bonnie and Clyde*-verskynsel.

“Dit is nié ’n geestesversteuring nie, maar ’n parafilie, oftewel ’n afwyking van die gewone (konvensionele) aantrekkingskrag tussen ’n man en vrou.”

Die vroue voel aangetrokke tot mans wat as gevaarlik bestempel word. Dit kan wees dat dié vroue ’n oordrewe behoefte het om iemand te versorg. “Die vroue is dalk om verskeie redes vatbaar daarvoor, soos hoe hulle grootgeword het, moontlike mishandeling in vorige verhoudings of dat hulle graag mense wil versorg.”

Stoomfees



**’n Stoomtrein stoom verby plate kosmos op die Sandstone-landgoed by Ficksburg se Stoom-en-kosmosfees. Stoomtreingeesdriftiges, fotograwe en besoekers van oor die wêreld heen het die fees van Vrydag tot gister bygewoon. Stoomtreinritte van sowat 20 km deur die landgoed met sy kosmos is aangebied. Die fotograaf James Attwell het dié foto vanuit ’n veteraanbus, die Bristol-bus, geneem. Lees die berig op bl. 3.**
Foto: JAMES ATTWELL PHOTOGRAPHY

## Skaapboer se plase in NW, Karoo opgeveil

**Dirk Kok**

Die talle pogings van die Noord-Kaapse skaapboer Carel van der Merwe om ’n stokkie te steek voor bankrotveilings vir die verkoop van sy wild-en-weidingplaas by Vryburg, Noordwes, en verskeie Karooplase weens Landbank-skuld van miljoene rande, het misluk.

Onverwacht, sy plaas van net meer as 2 222 ha en met ’n lodge by Noordwes, is Woensdag vir net minder as R12 miljoen opgeveil, sê Kobus van Niekerk, prokureur van die kurators en voorlopige likwidateurs van Van der Merwe, die Merwede Trust en sy maatskappye Project Multiply en Velvet Cream.

Môre kom Van der Merwe se Karooplase van meer as 43 500 ha, in die distrikte Carnarvon, Van Wyksvlei en Fraserburg onder die hamer.

Dié veilings kom nadat interdik-aansoeke van Van der Merwe en sy lewensmaat, Shanie Taljaard, in die laaste week van Maart met ’n bestraffende kostebevel van die hooggeregshof se rol geskrap is, sê Van Niekerk.

Tussen Van der Merwe en Taljaard het hulle reeds met minstens 26 aansoeke teen die Landbank, kurators en likwidateurs in die hooggeregshof en appèlhof misluk.

Sy stryd gaan egter voort, sê Van der Merwe.

Op die veiling in Noordwes het hy onder andere voornemende kopers met ’n “dringende kennisgewing” ingelig “geen van die verkopings sal afdwingbaar wees nie. Betrokkenes wat aan die onwettige veilings deelneem, doen dit op eie risiko.”

Hy sê ook in dié dokument en op die Facebook-groep Genoeg is Genoeg hy gaan weer hof toe om die veilings en die likwidasie- en sekwestrasiebevele teen hom en sy trust en maatskappye tersyde te laat stel.

Van der Merwe hou vol die Landbank het nie die reg of bevoegdheid gehad om die hofaansoeke teen hom te bring nie; die voorlopige kurators en likwidateurs is nie behoorlik aangestel nie; en behoorlike inventarisse van sy bates is nie opgestel nie.

Hy sê daar is ’n hersieningsaansoek hangende teen ’n appèlhofuitspraak, asook ’n outomatiese appèl in die hooggeregshof in Kimberley oor die boedels.

*Volksblad* het op 28 Maart op die voorblad verkeerdelik berig die meester van die hooggeregshof het per kennisgewing alle veilings of verkope van Van der Merwe se bates gestaak, onder meer omdat die voorlopige likwidateurs en trustees nie aan die wetlike vereistes voldoen en die regte prosesse nie gevolg is nie.

Van Niekerk sê dié e-pos van die meester was nié ’n kennisgewing dat die veilings gestaak word nie. Dié berig, asook Van der Merwe se uitlatings daarin, het die likwidateurs in ’n swak lig gestel. Dit was ’n navraag van die assistent-meester op grond van klagtes van Taljaard oor die likwidateurs en die veilings. Die assistent-meester het antwoorde gevra, waarop die likwidateurs geantwoord het.



**Carel van der Merwe** Foto: ARGIEF

Die assistent-meester het die dag voor die eerste veiling die partye verwittig die meester gaan, ná deeglike oorweging en in die lig van dispute, hom nie inmeng nie.

Sy het bygevoeg die verkoping van bates is onderhewig aan hersiening deur enige party wat ’n aansoek wil bring.

Van Niekerk sê die meester is ingelig daar is geen appèlle wat die hooggeregshof se finale likwidasiebevele óf die bevel vir die uitbreiding van die likwidateurs se magte vir die verhandeling van Van der Merwe se bates uitstel nie.

Die meester is ingelig die magte van die likwidateurs is uitgebrei onder meer as gevolg van die verberging en verdwyning van bates van die insolvente boedels, waaronder 6 000 skape. Die likwidateurs is steeds op soek na bates wat tot nadeel van die skuldeisers verberg is of verberg word. Dit gaan by die Nasionale Vervolgingsgesag en die meester aangemeld word. Van der Merwe weier ook steeds om verpligte vermoënsstate in te dien en het steeds nie sy laste, bates en maandelikse inkomste geopenbaar nie.

Van Niekerk sê Van der Merwe en sy entiteite se Landbankskuld, skuld van Unigro wat aan die Landbank gesedeer is, en die rente op die skuld beloop reeds byna R90 miljoen.

Oor Van der Merwe se voortdurende beskuldigings van onregmatige en skelm optrede deur die Landbank, die kurators en likwidateurs, sê Van Niekerk: “Alles is en word regmatig gedoen. Die punt is: Hy betaal nie sy skuld nie. Hy kan beswaarlik kwaad wees oor die proses as hy nie betaal nie.”

(Volksblad *stel hiermee graag die feite reg en vra om verskoning vir die voortydige en foutiewe beriggewing op 28 Maart dat die meester van die hooggeregshof die verkope van Van der Merwe se bates gestop het. Ons vra ook om verskoning vir die foutiewe opskrif dat die hof die veilings gestop het. – Red.)*

